



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2016

DANSSTUDIES

PUNTE: 100

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

- Hierdie vraestel bestaan uit ELF vrae. Beantwoord slegs NEGE vrae.
- Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Bestaan uit VYF vrae.
 Let daarop dat jy 'n keuse tussen VRAAG 3 en VRAAG 4 in hierdie afdeling het. Indien jy beide vrae beantwoord, sal slegs die eerste vraag wat beantwoord is, nagesien word.

AFDELING B: Bestaan uit SES vrae.
 Let daarop dat jy 'n keuse tussen VRAAG 8 en VRAAG 9 in hierdie afdeling het. Indien jy beide vrae beantwoord, sal slegs die eerste vraag wat beantwoord is, nagesien word.
- Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
- Lees elke vraag aandagtig deur en let op wat vereis word. As 'n vraag vra jou om te verduidelik/ingewikkelde/beskryf/ontleed/evalueer/vergelyk/bespreek, skryf jou antwoorde in volsinne en gee soveel as moontlik besonderhede. EENWOORD antwoorde sal nie aanvaar word nie.
- Jy mag rowwe beplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.
- Jy mag rowwe beplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.
- Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
 - Skryf slegs in een taal
 - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
 - Die spesifieke formaat te gebruik wat in bepaalde vrae vereis word
 - Gebruik korrekte dansterminologie, waar nodig
- Skryf netjies en leesbaar.
- Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir puntetoekenning en tydindeling wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELING		VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A:	Veilige Danspraktyk en Gesondheidsorg (Keuse tussen VRAE 3 en 4)	1	10	60
		2	10	
		3	10	
		4	10	
		5	10	
B:	Dansgeskiedenis en -Geletterdheid (Keuse tussen VRAE 8 en 9)	6	10	120
		7	15	
		8	15	
		9	15	
		10	10	
		11	10	
		TOTAAL	100	180

AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYKE EN GESONDHEIDSORG**VRAAG 1: KOÖRDINASIE/KRAG**

- 1.1 Ko-ordinasie en beheer oor die liggaam is belangrik in dans. Maak 'n lys van TWEE kwaliteite wat sal help om goeie ko-ordinasie in jou dans te laat verbeter. (2)
- 1.2 Gee TWEE wenke wat sal help om jou ko-ordinasie te verbeter, behalwe deur middel van jou daaglikse praktiese dansklas. (2)
- 1.3 Verduidelik wat gebeur met die liggaam gedurende dansklas wanneer 'n danser nie spierkrag het nie. (3)
- 1.4 Bespreek DRIE verskillende maniere hoe jy jou spierkrag kan ontwikkel. (3)
- [10]**

VRAAG 2: POSITIEWE SELFBEELD/SPANNING/VOEDING

- 2.1 Beskryf 'n positiewe selfbeeld. (3)
- 2.2 Dit is 'n week voor die eindeksamen en jou vriend voel gespanne en kan dinge nie meer hanteer nie. Watter advies sal jy die persoon gee wat hulle sal help om die druk van die opkomende eksamen te help verminder? (3)
- 2.3 Bespreek hoe verkeerde eetgewoontes 'n negatiewe effek op 'n danser se liggaam kan hê. (4)
- [10]**

**DAAR IS 'N KEUSE TUSSEN VRAAG 3 EN VRAAG 4.
BEANTWOORD SLEGS EEN VRAAG.**

**VRAAG 3 (KEUSEVRAAG): GEWRIGTE/ANATOMIESE AKSIES/
NEUROMUSKULERE VAARDIGHEID**

- 3.1 Pas die terme in KOLOM A met die beskrywings in KOLOM B. Skryf slegs die korrekte antwoord langs die ooreenstemmende nommer in KOLOM A.

KOLOM A		KOLOM B
3.1.1	Skarniergewrig	Draai die voetsool na buite
3.1.2	Bal-en-potjiegewrig	4 vergroeide werwels
3.1.3	Koksiks	Fleks die voet na die maermerrie
3.1.4	Dorsifleksie	Beweeg in enige rigting
3.1.5	Eversie	Beweeg alleenlik in twee rigtings – soos 'n deur

(5 x 1) (5)

- 3.2 Gee die anatomiese aksie vir die volgende:

- | | | |
|-------|--------|-----|
| 3.2.1 | Skouer | (1) |
| 3.2.2 | Kop | (1) |
| 3.2.3 | Bolyf | (1) |

- 3.3 Verduidelik TWEE voordele van goeie postuur in dans. (2)
- [10]**

OF

VRAAG 4 (KEUSEVRAAG): SPIERE/SINOVIALE GEWRIGTE/POSTUUR

- 4.1 Watter spier/spiergroep is verantwoordelik vir:
- 4.1.1 Beweging van die kop (1)
 - 4.1.2 Adduksie en mediale rotasie van die humerus (1)
 - 4.1.3 Die oorkruis van beide die knie- en heupgewrig. Hierdie spier doen buiging van die knie en heup; laterale rotasie en abduksie van die femur; mediale rotasie van die tibia op die femur. Dit is die langste spier in die liggaam. (1)
 - 4.1.4 Verlenging van die heup teen swaartekrag; laterale rotasie gedurende die verlenging en abduksie van die femur. Dit is ook die grootste spier in die liggaam. (1)
 - 4.1.5 Gee die skouer sy ronde voorkoms (1)
- 4.2 Gee die name van die sinoviale gewrigte waar die volgende bewegings plaasvind:
- 4.2.1 Ekstensie van die knie (1)
 - 4.2.2 Adduksie van die skouer (1)
 - 4.2.3 Rotasie van die nek (1)
- 4.3 Verduidelik enige TWEE komponente van motoriese fiksheid wat deur die neuromuskulêre sisteem ontwikkel kan word. (2)
- [10]**

VRAAG 5: VOETE/DANSVLOER/GEBARSTE VEL/BESERINGS

- 5.1 Waarom moet 'n danser se voete in 'n goeie kondisie wees? (2)
- 5.2 Verduidelik hoe jy die gebarste vel van die voete sal behandel. (3)
- 5.3 Verduidelik watter tipe dansvloer moet deur dansers gebruik word en waarom die oppervlak van hierdie vloer wat gebruik word, so belangrik is. (3)
- 5.4 Bespreek watter tipe oefeninge 'n mens kan doen om mobiliteit van die spiere gedurende 'n besering te behou. (2)
- [10]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID**VRAAG 6: INHEEMSE KULTURE/KARAKTEREIEISKAPPE/MUSIEK**

- 6.1 Beskryf watter interessante ondervindinge jy ervaar het terwyl jy 'n inheemse dans geleer het. (3)
- 6.2 Verduidelik VIER karaktereieenskappe van jou hoof dansvorm. (4)
- 6.3 Daar is 'n noue verband tussen dans en musiek en hul komplimenteer mekaar. Bespreek hoe die danser ook terselfdertyd die musikant kan wees deur gebruik te maak van hul liggame as musiek instrumente terwyl hulle dans. (3)
- [10]**

HIERONDER IS DIE VOORGESKREWE LYS VAN INTERNASIONALE CHOREOGRAWE EN HUL DANSWERKE.

INTERNASIONALE CHOREOGRAAF	DANSWERKE
George Balanchine	<i>Appollo/Jewels</i>
Alvin Ailey	<i>Revelations</i>
Martha Graham	<i>Lamentation/Errand into the Maze</i>
Christopher Bruce	<i>Ghost Dancers</i>
Mathew Bourne	<i>Swan Lake/Cinderella</i>
Pina Bausch	<i>Rites of spring</i>
William Forsythe	<i>In the middle, somewhat elevated</i>
Mats Ek	<i>Giselle/Swan Lake/Carmen</i>
Rudi van Dantzig	<i>Four Last Songs</i>
Jiri Killian	<i>Wings of wax</i>

VRAAG 7: INTERNASIONALE CHOREOGRAAF

Kies EEN van die INTERNASIONALE choreografe van die voorgeskrewe lys hierbo. Beantwoord die vrae hieronder.

- 7.1 Gee die naam van die choreograaf waaroor jy skryf.
- 7.2 Beskryf die agtergrond en dans-opleiding van die choreograaf. (4)
- 7.3 Verduidelik sommige van die artistieke samewerkings en invloede gedurende die choreograaf se loopbaan. (4)
- 7.4 Wei uit oor die choreograaf se dansstyl. (4)
- 7.5 Bespreek die hoof bydraes wat hierdie choreograaf tot die samelewing gemaak het. (3)
- [15]**

JY HET 'N KEUSE TUSSEN VRAAG 8 EN VRAAG 9.**BEANTWOORD SLEGS EEN VRAAG.**

HIERONDER IS DIE VOORGESKREWE LYS VAN SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE EN HUL DANSWERKE.

SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAAF	DANSWERKE
Veronica Paeper	<i>Orpheus in the Underworld/Carmen</i>
Vincent Mantsoe	<i>Gula Matari</i>
Alfred Hinkel	<i>Last Dance (Bolero)/Rain in a dead man's footprints/ Cargo/I am cinnamon</i>
Sylvia Glasser	<i>Tranceformations</i>
Gary Gordon	<i>Bessie's Head</i>
Mavis Becker	<i>Flamenco de Africa</i>
Hazel Acosta	<i>Blood Wedding</i>
Caroline Holden	<i>Imagenes</i>
Gregory Maqoma	<i>Beauty Trilogy/Skeleton Dry/Four seasons</i>

VRAAG 8 (KEUSEVRAAG): SUID-AFRIKAANSE DANSWERK

Kies EEN van die SUID-AFRIKAANSE choreografe en een van hul danswerke uit die voorgeskrewe lys hierbo. Beantwoord die vrae hieronder:

- 8.1 Die naam van die choreograaf en die danswerk.
 - 8.2 Sinopsis/tema/intensie/storie (4)
 - 8.3 Gee 'n gedetailleerde verduideliking van die produksie-elemente soos kostuum, beligting en stelontwerp. (4)
 - 8.4 Verduidelik hoe die musiek gebruik was om die atmosfeer van die danswerk te verbeter. (4)
 - 8.5 Bespreek die choreograaf se bydrae tot dans in Suid-Afrika. (3)
- [15]**

OF

VRAAG 9 (KEUSEVRAAG): SUID-AFRIKAANSE DANSWERK – BOLERO

“*Bolero* is ’n geliefde handtekening stuk in die Jazzart repertoire en was al male sonder tal oor die jare uitgevoer” (deur mediaschilli). Dit was die eerste keer in 1976 deur Alfred Hinkel geskep. Beantwoord die volgende vrae oor die VYFDE weergawe, wat deur die Jazzart Dance Company in 2000/2001 by die Artscape-teater in Kaapstad uitgevoer word.

- 9.1 Wat was die choreograaf se bedoeling om die VYFDE weergawe van die danswerk te doen? (2)
- 9.2 Beskryf hoe die inhoud van hierdie werk deur die choreograaf op die verhoog gebruik is. (2)
- 9.3 Gee ’n gedetailleerde verduideliking hoe die choreograaf gebruik maak van die produksie-elemente soos kostuums, beligting en stelontwerp. (4)
- 9.4 Gee die naam van die komponis en verduidelik die musiek se genre/styl of begeleiding wat gebruik word. Sluit in voorbeelde van die instrumente wat gebruik was. (4)
- 9.5 Bespreek watter simboliese elemente was te sien in Hinkel se bewegingswoordeskat wat hierdie werk innoverende gemaak het. (3)
- [15]**

VRAAG 10: GEMEENSKAPSPROJEK/VOORSTEL

Leerlinge by jou skool wat hul wangedra deur te rook en dwelms te misbruik op die skoolterrein, moet detensie doen deur skool toe te kom op ’n Saterdagoggend vir 2–3 uur. Skryf ’n voorstel aan die beheerliggaam van die skool om ’n dansprogram op Saterdag te hou waardeur gereelde danslesse vir hierdie leerlinge gegee kan word. Die graad 12 Dansstudies-leerlinge wil hul tyd gebruik om te probeer om ’n verskil in hierdie leerlinge se lewens te maak. Sluit die volgende in:

- ’n Kortlikse beskrywing van die projek/voorstel
- Jou plan van aksie
- Mense wat by hierdie projek.
- Wie gaan hieruit voordeel trek en op watter manier sal hul voordeel trek?

MOET NIE NOMMERING IN JOU VOORSTEL GEBRUIK NIE.

[10]

VRAAG 11: MUSIEK/OPVOERRUIMTE

11.1 Is die verklarings hier onder WAAR of ONWAAR? Skryf SLEGS die korrekte antwoord langs die ooreenstemmende nommer neer.

11.1.1 Populêre musiek word met tradisionele dans geassosieer. (1)

11.1.2 Baldans is gewoonlik die wals en jakkalsdraf-dans. (1)

11.1.3 Elektroniese musiek is rap, hip hop en R&B. (1)

11.1.4 Afrika musiekstyle is Kwaito en tradisionele musiek vir spesifieke kulture. (1)

11.2 LA GRANDE FENTE – POP UP (OPWIP) CHOREOGRAPHIE



11.2.1 Watter tipe opvoerruimte word in die prent hierbo gebruik? (1)

11.2.2 Vergelyk die eienskappe van die opvoerruimte hierbo met 'n gewone teater se verhoog. (4)

11.2.3 Hoe sal 'n opvoering in die bogenoemde opvoerruimte jou dans beïnvloed? (1)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100